Nuusbrief

www.buggymnastics.co.za

2012-01 (Februarie)

Geagte Ouers,

1. Praktiese reëlings t.o.v aflaai & oplaai van gimnaste

Parkering:

Ons versoek asb. alle ouers van ons klub om by die swembad se parkering te stop vir die aflaai en oplaai van die gimnaste.

U kan van die Presidentstraat-ingang gebruik maak en die bordjies na die swembad volg om by die parkeerarea uit te kom. Die sale se ingang is diagonaal oor die grasperk wanneer u links van die swembad verbyloop. Ons wil ook benadruk dat u seker sal maak dat u fisies u kind(ers) binne die saal afgee en weer daar kom haal, waar hulle onder toesig van die afrigters is. Indien u enige probleme ondervind met die parkering kan u my gerus laat weet. By voorbaat dankie vir u samewerking.

Oefensessies:

Vir die veiligheid van ons gimnaste en hulle families versoek ons dat ouers en ander familielede nie in die gimnastieksale sal ingaan voor die begin van die oefensessie nie. Ouers word ook versoek om nie in die sale in te kom voor die einde van u kind(ers) se oefensessie nie. Neem asb. in ag dat daar ander groepe gimnaste besig is met hulle oefensessie wanneer ‘n ander groep opgehou het.

GEEN GIMNAS (OF BOETIES/ SUSSIES) MAG OP APPARAAT SPEEL VOOR OF NA SY/ HAAR OEFENSESSIE NIE. Gimnaste wat hierdie reël oortree sal, na die eerste mondelinge waarskuwing, vir die res van die oefensessie uitsit.

2. Sluitingsdatum vir klerasiebestellings – 5 Maart 2011

Vind asb. aangeheg die klerasie-bestelvorm. Die kleredrag vir die verksillende groepe is soos volg:

Beginners / Badges-gimnaste: t-hemp en kortbroek (geen jeans) *OF* oefenleotard
Kompetisiegimnaste: oefenleotard *OF* kompetisieleotard

Verdere inligting is beskikbaar op die klub se webblad (www.buggymnastics.co.za) of kontak gerus vir Sonja per e-pos by sonja@buggymnastics.co.za indien u vrae het.

Gim-groete, **Sonja Winde** *(Voorsitter & Klubbestuurder)*, 082 353 6622